16 Maart 2020

Dagsê Lunsklippers en ouers van Lunsklippers

Die Dagbestuur van Lunsklip Voortrekkerkamp het besluit dat Lunsklip 2020 nie tussen 21-29 Maart 2020 gaan plaasvind nie. Die besluit om nie te kamp nie was vir seker een van die moeilikste besluite in die kamp se geskiedenis. Die opsie en cliché dat dit die "regte ding is om te doen" was nooit op die tafel nie. Lunsklip het alle opsies behoorlik opgeweeg en selfs die riglyne van die regering behoorlik geanaliseer en gepoog om 'n kleiner en meer gedesentraliseerde kamp te hou wat beslis 'n werkbare oplossing was.

Ons is egter afhanklik van die kampterrein van Natuurbewaring in Limpopo en hulle het dit, na in-diepte gesprekke, duidelik gestel dat hulle nie bereid is om die risiko te loop nie en daarom het hulle al hulle terreine gesluit vir enige grootte groep. Hierdie standpunt moet eerbiedig word en ons goeie verhouding met die mense is strategies vir Lunsklip baie belangrik.

Daar is by ons nog steeds geen twyfel nie, dat kinders baie beter beskermd is teen die virus in die vars lug in die natuur as in die stad, 'n winkelsentrum, kerk of vakansieoord of waar ook al hulle gaan wees tydens die lang vakansie.

Wat is die pad vorentoe? Ons is deeglik bewus van al die vrae wat daar tans in u wêreld is en gaan probeer om die situasie so kalm moontlik te hanteer.

Die plan:

- Ons gaan ten alle koste poog om die kamp later die jaar te hou; daar is 'n Buitegroep wat net een keer die ervaring kan hê en ons belofte is dat ek alles moontlik gaan doen om die kamp wel te laat gebeur.
- Daar is reeds baie geld spandeer, T-hemde is gemaak, busse is betaal, sekere voorrade is aangekoop. Ons wil vra dat u die kampbestuur die geleentheid gee om 'n sinvolle finansiële model voor te stel van hoe ons terugbetalings en die verliese gaan absorbeer. Ons wil graag vir u, die ouers, die impak so klein as moontlik maak, maar hiervoor het ek 'n dag of twee nodig.
- Teen 14 April moet die besluit van die regering hersien word en eers dan sal ons duidelikheid hê oor die toekoms. Ons sal weer teen einde April 2020 'n skrywe oor die pad vorentoe, uitstuur.

As Lunsklippers is die teleurstelling vir ons almal baie groot en ons weet dat ons op u samewerking kan staatmaak om soos berekende mense 'n sinvolle uitkoms te bewerkstellig. Ons het nie nou al die antwoorde nie en wil u versoek om as Lunsklippers of Voortrekkerouers ons die kans te gun om die beste plan moontlik te maak.

Die kamp is hierdie jaar 59 jaar oud en het al verskeie uitdagings beleef. Net soos met al die vorige geleenthede sal ons bly glo en vertrou dat ons Hemelse Vader op sy tyd en sy manier die uitkoms en oplossing aan ons sal gee.

Op Lunsklip bou ons met meer as staal of steen - ons is besig met Koninkrykswerk en daarom neem ons ons bouwerk baie ernstig op.

Dankie dat u verstaan - ons sal later die week met u in meer detail kommunikeer.

"Wees Meer"

Lunsklipgroete

Malan le Roux
Kampleier
Sel: 071 609 5167

Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011 / 086 613 9913
E-pos hkvoort@iafrica.com
www.voortrekkers.co.za

16 Maart 2020

Geagte Voortrekkers en ouers

INSAKE VOORTREKKERKAMPE EN COVID-19

Die Voortrekkers het die afgelope tyd met besorgdheid kennis geneem van die toenemende verspreiding van die Coronavirus. Die afgelope naweek was Voortrekkerleiers deurentyd in gesprek oor die hantering van die Voortrekkerkampe gedurende die Maart vakansie. Soos wat die gesprek gevorder het, is 'n konsep omsendbrief ongelukkig voortydig op 'n paar platforms versprei. Hierdie is die korrekte omsendbrief.

Na aanleiding van die noodmaatreëls wat die President op 15/3/2020 afgekondig het bevestig Die Voortrekkers:

1. Dat alle Voortrekkerkampe wat groter as 100 kampeerders is tydens die Maart-skoolvakansie afgestel word. Alhoewel dit buite ons *wil* en *beheer* is, vra die Voortrekkers opreg verskoning hiervoor. Ons besef dat kampe en ouers reeds groot kostes aangegaan het en is saam met elke Voortrekker baie teleurgesteld. Ons moet as landsburgers ons samewerking aan die regering bied ten einde die virus te bekamp.
   Hiermee word dan bevestig dat Lunsklip, Thaba, Rhus Keeti, NPD, SPDW en Kamp Miernes definitief afgestel is.
   Jakaranda, Hoëveld, die vyf Verkennerkampe van die Vrystaatse Voortrekkers en Herfskamp is nog in gesprek en sal direk met die betrokke ouers en jeuglede skakel.

2. Die goeie nuus is dat 'n aantal Voortrekkerkampe wat se getal volgens Regeringsvereistes onder 100 persone is steeds plaasvind. Dit is hoofsaaklik kleiner Verkennerkampe en sluit ook kampe in wat met kleingroepe in die veld kamp en/of of hulle getalle so drasties afgeskaal het om binne die vereiste raamwerk van die regering te val.

Hoofleier Danie Langner
Hoofsekretaris Corlia Botha
Adjunkhoofleiers Malan le Roux, Karin Stoffberg, Johan Laubscher, Elizma Smith

Die kampe wat definitief met die nodige voorsorgmaatreëls voortgaan is Boknes, Kaba, Raaswater en Bakenkamp.

3. Geen Voortrekker het na ons beste wete die virus onder lede nie. Voortrekkerkampe is ‘n vrywillige aktiwiteit. Geen Voortrekker word verplig om te kamp nie en geen lid word benadeel indien hulle nie gaan kamp nie. Die Voortrekkers respekteer die ouers se besluit indien hulle ‘n kind sou wou onttrek.

4. Voortrekkerkampe is anders as skole, vliegtuie, klaskamers en geslote vertrekke hoofsaaklik buitelugaktiwiteite waar kinders in die vryheid van die natuur ontspan en avonture saam met hulle maats geniet. Om te midde van die uitdagende omstandighede steeds met verantwoordelikheid ‘n unieke kampervaring aan ons jeuglede te bied, het Die Voortrekkers goeie inligting van verskeie instansies en mediese kundiges ontvang om die virus voorkomend te bekamp. Dit is reeds verlede week aan elke kampbestuur versprei vir daadwerklike implementering. Die kampbesture van die kampe wat voortgaan is verbind tot absolute higiëne en die veiligheid van ons kinders. Elke Voortrekkerkamp het kundige mediese personeel wat 24/7 saam kamp en gerat is om onmiddellik enige mediese situasie te hanteer.

5. Die Voortrekkers versoek wel dat enige volwasselid of jeuglid wat die afgelope maand internasionaal gereis, of griepsimptome het, nie die vakansie ‘n Voortrekkerkamp sal bywoon nie.

6. Gebiede en kampe sal voor die skole sluit praktiese reëlings aan die betrokke ouers en jeuglede kommunikeer.

7. Die Voortrekkers sal die situasie deurlopend evalueer.

Voortrekkerkampe is elke jaar ‘n groot hoogtepunt. Vanjaar sien ons uit na groter hoogtepunte - Boknes wat n halfeeu jonk is, ‘n Bybelmonument wat op Wemmershoek onthul word en Kaapland Voortrekkers wat ‘n splinternuwe seekamp vir Hoërskool Voortrekkers in St Helena Baai, langs die pragtige Weskus, begin. Die Voortrekkers is verbind om in die mooiste dele van ons land vir ons kinders unieke KAN-ervarings te bied. Die ARISS-projek saam met NASA waar tien Penkop en Drawwertjies met ‘n internasionale ruimtestasie gaan kommunikeer gaan steeds voort. Waar ‘n gebiedskamp ongelukkig nie

vanjaar kan plaasvind nie, kamp ons weer volgende jaar saam. Gelukkig is daar later die jaar nog vele geleenthede vir alle Voortrekkers om ander gebiedskampe by te woon.

Indien u enige navrae oor die situasie of voorkomende maatreëls van ‘n spesifieke kamp het, is u welkom om enige tyd die betrokke gebiedsleier of kampleier te skakel. Indien u nie die kontakbesonderhede het nie, sal Sinta Robbertse by hoofkantoor@voortrekkers.co.za of 012 3296011 u hiermee kan help.

Voortrekkergroete

HOOFSEKRETARIS